DEEL 116 | WEEK 39 | 27 SEPTEMBER 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

## Sneeutember



*Talle inwoners van Heilbron en die Riemlandarea het onlangs na buurdorpe gereis om die skilderagtige sneeulandskappe te geniet. Petrus Steyn, Reitz en Bethlehem was van die dorpe in wit gestrooi en sneeu het so naby as 20km buite Heilbron geval. Van kreatiewe sneeumanne tot sneeugevegte, het die koue maar min mense afgeskrik. Sommige boere het selfs in kortbroeke die sneeu-avontuur aangepak! Dit is die eerste keer sedert 2012 dat sneeu in ons omgewing geval het. Alhoewel daar nie weer vir die naweek sneeu verwag word nie, kan inwoners hul voorberei vir nog 'n koue paar dae wat voorlê.*






# Bejaardes beleef die geskiedenis van Vegkop-slagveldterrein



Danksy Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en lede van die gemeenskap het 30 bejaardes vir die eerste keer die merkwaardige Vegkop-slagveldterrein, naby Heilbron in die Vrystaat, kon besoek en beleef.

Die FAK se Sentraal-Kultuurnetwerk het op 18 September 'n besondere toer vir bejaardes na die Vegkop-slagveldterrein gereël, waar die ryk geskiedenis van hierdie belangrike erfenisskat met groot entoesiasme gedeel is. Tydens die toer het die groep 'n insiggewende besoek aan die terrein en museum meegemaak, wat ook 'n indrukwekkende voorlaaier- en voorlaaierkanon-demonstrasie ingesluit het.

"Ek wil graag die Vegkop direksie, Jasper van der Bijl en Johan Stadler, bedank vir die erfenis toer en in besonder Corné van der Merwe vir die voorlaaier- en voorlaaierkanon-demonstrasie," sê Jan-Danie Malan, Sentraal-kultuurkoördineerder.

Die Slag van Vegkop was 'n betekenisvolle geskiedkundige gebeurtenis wat op 16 Oktober 1836 tydens die Groot Trek plaasgevind het. Die geveg het naby die hedendaagse dorp Heilbron, in die Vrystaat, tussen 'n groep Voortrekkers en die Matabele- (Ndebele-) krygers, gelei deur opperhoof Mzilikazi, plaasgevind.

Ten spyte van die oorweldigende getalle van die Matabele-krygers, het die Voortrekkers hulself suksesvol met vuurwapens en hul verdedigingslaer verdedig. Piet Botha en Hendrik Potgieter se jongste broer, Nicolaas, het gesneuwel, en veertien Voortrekkers is gewond. 430 Matabeles is op daardie dag dood, en 1137 assegaaie is in en om die laer opgetel.

Malan kon nie genoeg dankie sê vir die gemeenskapsbetrokkenheid nie.

"Hierdie toer is voluit deur die gemeenskap op kort kennisgewing befonds. Dit is ongelooflik hoe die FAK-kultuurnetwerke kan bydra, nie net met geld nie, maar ook met hande. Ek is trots om deel te wees van 'n kan-kultuur en 'n kultuur wat meer gee as wat hy moet en niks terug verwag nie," sê Malan.

Een van die toergangers, Ria van Heerden, het haar opgewondenheid oor die ervaring gedeel. "Ons is aangenaam verras met die toer en al die ryk geskiedenis. Ons gaan beslis vir ons kinders vertel van die FAK en Vegkop."

Malan het ook sy dank uitgespreek aan die donateurs, Dirk Bloem, Chris Grobler, Alta du Plessis, Deon van der Watt, Gerhard du Toit en Lenor Bothma, eienaar van Fusion Travel, wat die toer moontlik gemaak het.

Hierdie toer is gereël deur die FAK om bewusmaking onder die gemeenskap te skep oor die Afrikaner se erfenis. 35 persone het op die ou end die merkwaardige Vegkop-terrein besoek. Hierdie geleentheid het die wonderwerke wat by Vegkop plaasgevind het, uitgelig.

Die toer is bygewoon deur lede van die Gryskrag-groep van NG Welbekend, Bapsfontein, sowel as verteenwoordigers van die Vegkop Direksie en die Parys Museumkomitee. Die gebeurtenis het nie net geskiedkundige waarde verskaf nie, maar het ook bygedra tot die bewusmaking van die ryk erfenis van Vegkop.

Vir meer inligting, kontak vir Jan-Danie Malan by jandanie@kultuurtuiste.org.za. Vir enige medianavrae kontak vir Marianne Pouwels by mariannepouwels@kulturtuiste.org.za






POSTNET
HEILBRON
BESIGHEIDSURE:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON,
Tel: 058 853 0006

# UIT DIE PEN: Week 39

Ek is besig om na The Tattooist of Auschwitz te kyk. Of ek dit gaan klaar kyk, weet ek nie. Deesdae sit ek sommer die TV af (of nog beter: gaan lê in die bed) wanneer dit net lyk asof mense mekaar wil skiet of mekaar vloek. Karre wat mekaar jaag maak my ook sommer die harnas in. Dus bly daar nie meer baie goed oor om te kyk nie.

Selfs van kyknet se kortflieks, wat Silwerskermtoekennings gekry het, is vir my simpel en grillerig. Dalk het die manier waarop stories aangebied word, verander. Dalk het ek verander.

In The Tattooist of Auschwitz vertel Lale Sokolov sy ontberinge gedurende die tweede Wêreldoorlog aan Heather. Dit is gebasseer op 'n boek met dieselfde naam. Ek is nou eers aan die einde van episode 1, dus kan ek myself nog nie uitlaat oor die res van die storielyn nie.

Wat ek wel gesien het, is hoedat die bevel uitgevaardig word dat ten minste een Jood uit elke familie na 'n werksplaas moes gaan. Hulle word in een treintrok gestop, en kom by Auschwitz, die konsentrasiekamp, aan. Daar word hulle verwelkom, nie in die hartlike manier nie, en vertel dat die leuse van die kamp "Werk Maak Jou Vry" is. Nie dat dit hulle enigsins gaan help nie.

Omtrent ses miljoen Jode is uiteindelik doodgemaak gedurende die oorlog. Oorlogsgevangenes, etniese Pole en mens liggaams- of ander gebreke is geteiken. Dit was mans, vroue en kinders.

Ongeveer 2,7 miljoen Jode is in gaskamers doodgemaak. Hierdie gaskamers was in Chelmno, Belzec, Sobibor, Treblinka en Auschwitz-Birkenau, waar bogenoemde verhaal afspeel. Ongeveer 2 miljoen Jode is in massaslagtings dood: hulle is in byna 1 500 stede en dorpe in Oos-Europa afgemaai. In Auschwitz-Birkenau alleen is daar omtrent 1 miljoen Jode dood.

Daar is tussen 800 000 en 1 miljoen Jode dood in ghettos dood as gevolg van siektes, mishandeling en gewelddadige optrede. Omtrent 'n kwart miljoen Jode is buite die ghettos en kampe dood in teregstellings, sommiges terwyl hulle op pad was na die konsentrasiekampe.

En dis nie net die Jode wat wreedaardig vermoor is nie. Volgens Holocaust Encyclopedia is daar omtrent 3,3 miljoen gevangenes vanuit die Sowjetunie dood, hulle was nie-Jode. Daar is omtrent 1,8 nie-Jode vanuit Pole vermoor. Tot 'n half miljoen Romaniese mans, vroue en kinders is ook dood. (Ek lees dat hulle die "Gypsies" van ouds was, maar dat die term as neerhalend beskou word – my verskoning byvoorbaat). Daar is omtrent 300 000 gestremde nie-Jode vermoor, en omtrent 60 000 Duitse oorlopers wat ook vermoor is.

Bogenoemde was nog altyd vir my aangrypend: dat soveel mense doodgemaak kon word. En wat ek ook nie verstaan nie, is dat daar steeds 'n handvol mense is wat ontken dat hierdie massamoorde ooit plaasgevind het.

Maar dis nie waaroor ek vandag wonder nie. Ek wonder oor hoekom die Jode geglo het dat hulle na 'n "werksplaas" moes gaan. In die reeks daag Lale by die "werksplaas" op met 'n pak en das, gereed om meer te leer. En helaas. Ek wonder hoekom hulle nie net gevlug het nie? Toegegee, sommiges sou nie ver kon vlug nie.

Ek het lank gelede hier geskryf van 'n kennis wat altyd gesê het dat hy iemand 'n poep voer. Dis sekerlik nie die mooiste Afrikaanse uitdrukking nie, maar dit sê iets van liggelowigheid.

En omdat ek reeds die geskiedenis van Auschwitz-Birkenau ken, weet ek dat Lale 'n poep gevoer is.

Maar ons kan nie altyd die poep van borreltjie suiwer lug onderskei nie.

Onlangs is ek uitgenooi na 'n vergadering. Ek kan nie die vergadering weier nie, want dit is deel van my werk. Ek vat toe maar my rekenaartjie, selfoon, notaboek en pen saam. Net nadat ek nes geskrop het, stap daar iemand in wat ons hele lewe kom deurmekaarkrap. En ek dink by myself: ek moes dit mos sien kom het, en ek het nie. Ek wonder hoekom ons so liggelowig geword het? Ons eet elke poep vir vars lug op. Selfs die politici weet hoe om ons om hulle vingers te draai, want hulle maak 'n lewe daaruit.

Ons sien spesiale aanbiedinge (ek het iemand geken wat van "spesiale aanbodens" gepraat het) en mense stroom na die winkel. Om later agter te kom dat daardie special toe nie so special was nie. Ek kyk rondom my in die kerk en sien hoe almal hulle koppe skud en saam met die prediker stem. Maar die meeste onthou nie die boodskap nie. Ek sien hoe my idees deur iemand afgeskiet word, maar met 'n verbetering hier en daar weer as 'n nuwe idee aangebied word. En die gehoor luister en kyk asof hulle nou net 'n openbaring gekry het. Hulle glò wat hulle gevoer word.



Ek kan terugdink aan wat ons kleintyd gevoer is as die aardswaarhede, en waar ek nou daaraan terugdink, weet ek nie hoekom ons dit geglo het nie.

Dalk omdat ons nie van beter geweet het nie, of dalk omdat ons nog nie op daardie stadium van beter geweet het nie?

Ek lees eendag: "Soos wat ek ouer word, sien ek baie slegter, maar sien ek makliker dwarsdeur mense." Dit werk nie altyd so nie, want iemand vang my so af en toe met 'n slap riem. Maar net af en toe.

Dan wil ek ook bieg dat ek nie my nuwe fisio-oefeninge regkry nie. Om de dood wil my tone nie opgekrul teen die muur staan èn my enkel vorentoe buig sodat my knie aan die muur kan raak nie.

Dalk moet ek maar net ophou oefen. O, gonna, nee. Ek moet weer volgende week na Paul toe, en as hy weet dat ek nie geoefen het nie, gaan hy my twee keer op die simpel trampolien laat stap.


Dat ek nou op hierdie rype ouderdom bang geword het vir 'n fisioterapeut? Nee, ek kan dit ook nie verstaan nie.

# Hoogte Boerevereniging Braaidag



*Na die snerpende koue naweek het ons almal gehoop op 'n sonnige week met braaivleisgeure in die lug. En so het dit ook gebeur. Op Dinsdag 24 September, Nasionale Braaidag het die manne en vroue van Hoogte Boerevereniging gesorg dat die inwoners van Huis-Bron-van-Heil weereens bederf word met 'n heerlike gebraaide skaaptjoppie en wors met 'n glasie wyn daarby. Heerlike paptert, aartappelslaai en mengelslaai was die bygeregte. Die ete is afgerond met roomys en karamelsous. Dit was 'n heerlike gesellige kuier-oggend in die tuin van die tehuis. Volgende jaar maak ons weer so!*

*Op die foto agter: Frans Muller, Pierre Botha, Venter Malan, Betsie Malan, JC Pretorius, Connie Fourie, Jasper van der Bijl, Kerneels Fourie, Thinus Verryne, Cassie Muller, Annabé Muller, Johan Germishuys, Fanie Snyman, Simon Germishuys, John en Rita Keogh, Marnus Pretorius en Paul Keogh. Op die foto voor: Betsie Terre'Blanche, Jeff en Nonna Roos, WJ Naudé, Michael Pretorius en Wilmar Pretorius.*







# Matriek-paartjie van die jaar

Dis weer daardie tyd van die jaar waarna elke matriek seun en dogter uitsien vanaf hulle hoërskool ingetree het. Met die eindeksamen om die draai het talle matrieks hul laaste skooljaar saam hul klasmaats afgesluit, deur die skool se jaarlikse matriekafskeid by te woon. Die jaar het die Heilbron Herald weer besluit om 'n kompetisie te loots vir Riemland Matriekafskeid-paartjie van die jaar. Met die matriekafskeidgees op sosiale media kan jy en jou metgesel 'n kans staan om jul gunsteling fotos op 2 x A2 canvas te print. (Een canvas van 'n A2 grote vir elkeen).

Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en die twee "canvasses" is jou en jou metgesel sin! Stuur jou gunsteling matriekafskeid foto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook blad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" kan werf. Foto inskrywings sowel as "likes" sluit die 30ste Oktober 2024 om 08:00. GEEN foto's of "likes" word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanner die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is (naam en van) en vanaf watter skool. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op die 1ste November 2024

Vir enige navrae kontak Hendie Lotter by 071 1759807. Sterkte aan al die deelnemers!!!

**Bepalings en voorwaardes:**

Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 30ste Oktober 2024.

Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: " Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik kan word en getel sal word as 'n "like".

Slegs paartjies vanaf Frankfort, Reitz, Heilbron, Koppies, Petrus Steyn en Lindley wat in 2023 'n matriekafskeid bygewoon het mag deelneem.

GEEN FOTOS WORD GEBRUIK WAT OP WHATSAPP GESTUUR WORD NIE. Slegs fotos wat op Facebook messanger gestuur word, sal gebruik word!

Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings tref.

enslins
HEILBRON


6de Straat 72
Heilbron, 9650
E-Pos: cornelle@enslins.co.za
www.enlins.co.za

**Enslins Heilbron Ingelyf is op soek na 'n Junior Rekenmeester om by ons aan te sluit.**

**Die geskikte kandidaat moet:**
- Oor goeie syfervaardighede beskik.
- Akkuraat en gedetailleerd kan werk.
- Afrikaans en Engels sprekend wees.
- Rekeningkundige werk kan doen tot op finansiële state vlak.
- Goeie kennis van Microsoft Office365 hê.
- Klient georiënteerd wees met goeie menseverhoudinge.
- Sterk kommunikasie vaardighede.
- Moet onder druk kan werk.

**Vergoeding is onderhandelbaar na gelang van kwalifikasie en ondervinding Indien u oor bogenoemde beskik wil ons graag van u hoor.**

**Stuur CV na cornelle@enslins.co.za**
**Sluitingsdatum: 11 Oktober 2024**






# Boomplantdag by Museum eer Joodse bydraes




Op Donderdag 19 September het die Riemland Museum 'n betekenisvolle boomplantdag gehou, waar die geleentheid gebruik is om die Joodse skenkers en ondersteuners te bedank en te vereer. Hierdie spesiale dag het nie net die gemeenskap bymekaar gebring nie, maar ook herinneringe laat herleef van die Joodse inwoners wat jare gelede in Heilbron gewoon het. Oud inwoners van die Joodse gemeenskap het 'n draai kom maak en staaltjies vertel oor hul tyd in die dorp. Hulle het ook herinneringe gedeel oor hoe Heilbron eens 'n florerende gemeenskap gehad het met talle Joodse inwoners wat tot die groei van die dorp en die groter Riemland-distrik bygedra het. Die Joodse gemeenskap het onlangs weer hul hand van hulp uitgestrek met broodnodige finansiële ondersteuning, wat deur sowel plaaslike as internasionale skenkers gekom het. Hierdie skenkers was óf direk aan Heilbron gekoppel, óf het familie gehad wat jare gelede hier gewoon het. Die fondse wat die museum ontvang het, sal vir noodsaaklike instandhoudingswerk gebruik word, aangesien daar groot probleme met die vensters en interne krake in die gebou is, weens jare se verwaarlosing. Die projek is aangevoer deur Rabbi Moshe Silberhaft, ook bekend as die "reisende rabbi". Rabbi Silberhaft het die museum se hulpnood met sy uitgebreide netwerk gedeel, en die reaksie was oorweldigend positief. Sy toewyding aan die saak het 'n golf van ondersteuning gebring wat nou direk tot die opknapping van die museum gaan bydra. Plaaslike leiers, mnr. Msebenzi Joseph Mbele en mnr. Robert Ferendale van die DA, was ook teenwoordig by die seremonie. Hulle het onlangs belangstelling getoon in die werking van die museum en wil in die toekoms probeer om fondse vanaf plaaslike regeringsstrukture te bekom. Die museum het met hulle gesels oor die lang lys projekte wat dringend aandag verg. Die Riemland Museum herinner die algemene publiek en gemeenskap dat hulle geen finansiële ondersteuning van die nasionale of plaaslike regering ontvang nie. Hulle is totaal afhanklik van privaat skenkings en projekte. Al die komiteelede skenk hul tyd en kundigheid sonder vergoeding, en alle fondse word vir die verbetering van die museum, uitstallings en toekomstige projekte gebruik. Die museum doen 'n dringende beroep op die gemeenskap om hul tyd, fondse of kundigheid te skenk sodat die museum weer tot sy volle glorie herstel kan word. Enigeen wat betrokke wil raak, word genooi om met die kurator en voorsitter, Lanzo Soothill, in verbinding te tree om uit te vind hoe hulle kan help. Die boomplantdag het nie net 'n geleentheid vir herinnering en toewyding geskep nie, maar ook 'n nuwe hoop vir die toekoms van die Riemland Museum gevestig.

# Nuwe lewe vir Eeufeesdam?

As planne reg loop mag Heilbron se Eeufeesdamterrein sommer gou weer herleef as 'n plek van lekker ontspanning vir dorpsmense en besoekers. En dan sommer ook as 'n bron van ekstra inkomste vir Ngwathe se platsak-munisipaliteit. Dit volg op verskeie briewe (en persverklarings in Heilbron Herald) waarin DA-raadslid Robert Ferendale presies so 'n herlewing bepleit.

Uitvoerende Burgemeester Victoria de Beer-Mthombeni het hom eergister daarvoor geloof toe sy twee senior amptenare van die Nasionale Tesourie aan raadslede voorgestel het. Hulle het 'n voorlegging in Parys kom doen oor hoe die Tesourie se sogenaamde Public Private Partnership Unit (Engels: Unit for PPSs) Ngwathe kan bystaan om vinnig en professioneel Eeufeesdam (asook Parys se verwaarloosde Mimosa-oord en sy uitgestrekte lughawe-gebied) te laat herontwikkel, nie self nie maar in vennootskap met private inisiatief en kapitaal.

Die Tesourie sê Ngwathe se aansoek om hulp met al drie projekte is reeds goedgekeur. Ngwathe sal nou, onder toesig van Tesourie, 'n projekbestuurder asook 'n adviseur mag aanstel vir alle nodige professionele finansiële, tegniese, en regsadvies. Daarna volg 'n studie oor vergelykbare opsies, lewensvatbaarheid, en vergelykings van koste-voordeelprofiele. Die Raad moet dan finaal besluit wat om te doen.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel wou weet wat Tesourie se advies en oorsig gaan kos, en wat die tydsraamwerk daarvoor is. Hy is verseker die Tesourie-advies kos Ngwathe niks nie, en dat die projek "baie vinnig" kan vorder as Ngwathe so begeer. Rdl Phillip van der Merwe (VF+) wou weet wat die maklikste ontwikkelingsroete met die grootste koste-voordeel vir Ngwathe sou wees. "Hul antwoord het my tevrede gestel," sê hy aan Heilbron Herald. Hy is veral bly dat Heilbron se Eeufeesdam, eens 'n gewilde ontspannings- en piekniekterrein, weer uit die ruïne mag herrys. Raadslede is ook ingelig dat 'n sogenaamde Toolkit for Tourism aan Ngwathe voorsien sal word. "Dis ook nuttig vir Heilbron".

Intussen lê die eens pragtige fasiliteite by Eeufeesdam steeds in puin, met skade oral. Die dakke, vensters, deure en elektriese kabels is alles uitgeruk deur vandale, of weggedra deur diewe. Ferendale meen tydelike herstel plek-plek mag nodig wees om verdere skade deur somerreëns te beperk. "Dit lyk gelukkig nou asof ons nuwe munisipale bestuurder, Dr F P Mothamaha, hierdie baie sinvolle redding met sy gewone energie en entoesiasme gaan aanpak," sê Ferendale. Hy sê hy kan nie wag daarvoor nie. "En so sê almal in Heilbron met wie ek praat."




## Chenique slaag "Trade test"met eerste poging




*Chenique Kühn het onlangs met groot trots haar "trade test" met die eerste poging geslaag. Uit die 15 studente was daar net twee die studente wat Chenique insluit wat die toets geslaag het. Die jong haarkapper het haar studies aan die Potchefstroom Akademie in haarkapery van Januarie 2021 tot November 2022 voltooi. Na haar studies het sy haar salon ure by Nudo Hair Lab in Pretoria suksesvol afgehandel. Op 17 en 18 September het Chenique haar "trade test" ondergaan, wat uit 'n teorie-toets op die 17de en 'n praktiese toets op die 18de bestaan het. Sy beplan om in Februarie te trou en daarna haar eie salon in Fochville te open. Chenique se prestasie is 'n inspirasie vir ander jongmense in die bedryf.*




## Gift Roets neem weer deel aan ABSA Run Your City 10km

*Gift Roets, plaaslike inwoner saam met 'n paar vriende, het vanjaar weer die uitdaging aangepak deur aan die ABSA Run Your City 10km-wedloop deel te neem. Hierdie gewilde wedloop vind jaarliks plaas op Erfenisdag sedert sy ontstaan in 2016. Gift het met groot entoesiasme deelgeneem en beskryf die ervaring as baie aangenaam en 'n lekker manier om fiks te bly terwyl hy die unieke atmosfeer van die wedloop geniet. Die ABSA Run Your City-reeks bly 'n hoogtepunt vir hardlopers landwyd, met deelnemers wat jaar na jaar terugkeer om saam te vier.*



# KENNISGEWINGS

## AUCTION
## McINTYRE VAN DER POST LAW FIRM

CASE NO. 5590/2021
Refer: NA1097/svdw

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
*Plaintiff*
And
**JILLIAN ANN APPLEBY**
**(ID NUMBER: 670210 0040 083)**
*DEFENDANT*

In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 May 2024 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **FRIDAY the 18th day of OCTOBER 2024** at **12:00** at before the Sheriff of REITZ held at **MAGISTRATE'S COURT, KNIPE STREET, MEMEL.**
**Certain: 207 Memel, District Vrede, Province Free State**
**In extent: 2974 (Two Thousand Nine Hundred and Seventy Four) square metres**
**Held by: Deed of Transfer No T19352/2011**
**Subject to: The conditions therein contained**
**Also known as: 7 Voortrekker Street, Memel**
**Consisting of: A residential unit zoned for residential purposes consisting of A 1 x lounge, 1 x dining room, 1 x kitchen, 1 x study, 4 x bedrooms, 2 x bathrooms, 1 x toilet. Flat let: 1 x bedroom, 1 x bathroom, 1 x kitchen. (not guaranteed)**

The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, REITZ.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the SHERIFF FOR THE HIGH COURT, 22 DE WET STREET, REITZ.
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity &address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.
The office of the SHERIFF OF THE HIGH COURT, REITZ (MR WYNAND FREDERICK MINNIE) will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
DATED at BLOEMFONTEIN on this the 8th day of JULY 2024
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**DERK VAN VUUREN**
**McINTYRE VAN DER POST**
**C/O McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET**
**WESTDENE,**
**BLOEMFONTEIN 9301**
**Ref: NA1097/svdw**
SHERIFF OF THE HIGH COURT
22 DE WET STREET, REITZ, 9810
083 654 7512

## KENNISGEWING

In die bedoel van wyle **BARENDJOHANNES PRETORIUS, Boedelnommer 003395/2023,** Identiteitsnommer 400818 5062 08 9, wat gewoonlik woonagtig was te Oranjestraat 39, Heilbron en wat te Heilbron op 22 April 2023 gesterf het.
Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n typerk van 21 (Een en Twintig) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 11de dag van September 2024.
**J H JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890,**
**HEILBRON, 9650**
**Verw: PRE12/0001/JHJ/cm**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE THENJIWE MONICA BOOYSEN, Identiteitsnommer: 700211 0281 08 5,** in lewe 'n Huisvrou woonagtig te 05 Hoopstraat, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met **DAWID BOOYSEN,**
**Identiteitsnommer: 630827 5149 08 7.**
**DATUM VAN AFSTERWE: 15 APRIL 2024**
**BOEDELNOMMER : 004161/2024**
**Kennis geskied hiermee** aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE22483/2000** passed by **KOPPIES TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL** in favour of **BOBOSE LUCAS MOKEMANE** and **MAFONE ROSINA MOKEMANE** in respect of certain **ERF 1769, KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 19 September 2024.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**PO BOX 21,**
**KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 77 1884**
**E-mail: koppies@corven.co.za**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die gesamentlike boedel van **HENDRIK JOHANNES JOUBERT,** Identiteitsnommer 480607 5010 088, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **JUDITH PETRONELLA JOUBERT,** Identiteitsnommer 501229 0007 087, in lewe 'n pensioenaris van Greenmanstraat 76, Heilbron.
**BOEDELOMMER: 007459/2023**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **JAN FRANCOIS OLIVIER,** Identiteitsnommer 540327 5078 088, wie getroud buite gemeenskap van goedere was, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Tannerstraat 42, Heilbron.
**BOEDELOMMER: 000779/2024**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## KENNISGEWING

Kennisgewing aan Krediteure & Debiteure in bestorwe boedels in die boedel van wyle **ISAK THOMAS HEYMANS, Identiteitsnommer 491215 5063 086** van Kerkstraat 22, Lindley, wie in lewe binne gemeenskap van goedere getroud was met **MARGARET MOIRA HEYMANS, Identiteitsnommer 480726 0040 088**
Datum van afsterwe: 25 Maart 2024
**BOEDELNOMMER 2818/2024**
Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan by die eksekuteur, hieroor gemeld te lewer.
**MARISSA ERASMUS**
**ENSLINS RIEMLAND INGELYF**
**POSBUS 400, REITZ, 9810**
**VERW: HEYM1/0001**

Form JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T32656/2004 gepasseer deur **JAN GABRIEL HENDRIK KRIEL,** Identiteitsnommer: 570301 5039 005 ten gunste van **PHILIP THEUNIS CHRISTOFFEL JACOBUS FOURIE,** Identiteitsnommer: 570524 5014 084 ten aansien van PLAAS WELTEVREDEN 155, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT: 171,3064
(EEN HONDERD EEN EN SEWENTIG KOMMA DRIE NUL SES VIER) HEKTAAR.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 13de dag van September 2024.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 KERKSTRAAT,**
**HEILBRON 9650**
**E-pos adres: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


YOU THINK IT - WE PRINT IT
YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald



SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD Sport


**2025 Diaries**
NOW IN STORE
START the new year in STYLE
Tel: 058 852 3033

**PLOEG SE MOER**
NOU IN VOORRAAD BY
R50 PER BAKKIE
VISVANGWURMS
076 813 2751
/ploegsemoer
ERDWURMMIS
Herstel jou tuin hierdie lente
R400 VIR 20L
SLEGS OP BESTELLING
Erdwurmmis: Uitsluitend Aflewering
Visvangwurms Aflewering: Weekliks

**WINKELURE**
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

**Laser Cutter & Engraver**
NOW AVAILABLE AT HEILBRON HERALD
Heilbron Herald now has high-speed precision cutting. From prototyping to full-scale manufacturing, this laser can cut and engrave quickly and accurately.
Being able to cut and engrave many materials, such as:
- MDF (Pressed Wood),
- Plywood,
- Plastic,
- Plexiglass,
- Mifoam,
- Cardboard,
- Leather, etc.
44 Els Street, Heilbron
Contact: 058 852 3033 | 081 889 8192

**DIE GEEL DEUR**
Piercestraat 101
Heilbron
SEL: 083 456 4064
Kaartfasiliteite beskikbaar.
VIR ENIGE STRYKWERK
Vir meer inligting & pryslys kontak Bettie of stuur WhatsApp
Ons haal die kreukels uit jou dag.
24/7 DIENS

**BOOMERANG**
School Bags
Medium, Large & Trolley Bags in STORE NOW
*Get yours while stocks last*
Tel: 058 8523033

**BKB**
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451



Waar sake die heer, die eerste heer, reg gedoen word!

**Sonja Basson**
by PitStop vir Jesus
Emosionele getuienis as veldbrandslagoffer



Gratis Ingang & Ete
5 Oktober 2024
NG Suid Kerksaal
Heilbron om 13:15
Bespreek teen 2 Okt
Tanya: 083 975 8264
Aletl: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

**Now Open In Frankfort!**
GLASFIT
We fit the best, best.
072 805 8708



80 JJ Hadebe str, Frankfort
Glass Replacement & Repair
Motor Glass | Building Glass

**BKB**
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 30 SEPTEMBER 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 1 OKTOBER 2024**
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
ARLINGTON Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**WOENSDAG - 2 OKTOBER 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VILJOENSKROON: 65STE PRODUKSIEVEILING NIEKERKSRUST SAVM STOET
11:00, plaas Niekerksrust
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 3 OKTOBER 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 4 OKTOBER 2024**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 5 OKTOBER 2024**
POTCHEFSTROOM: RUSWATER DORMERS PRODUKSIEVEILING
11:00, BKB veilingskompleks
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656
BLOEMFONTEIN: NASIONALE SUFFOLK PRODUKSIEVEILING
11:00, Be Human
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za